Remgro Beperk
("Remgro" of "die Groep")

Tussenresultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007

Finansiële inligting:

• Toename in wesensverdienste per aandeel	↑	25.5%
• Toename in verdienste per aandeel	↑	40.0%
• Toename in tussendividend per aandeel	↑	17.6%
• Intrinsieke waarde per aandeel – na KWB		R228.33

Oorsig

- Wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September 2007 het met 24.3% van R3 232 miljoen tot R4 016 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 25.5%, van 678.1 sent per aandeel tot 851.0 sent per aandeel gestyg het as gevolg van die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram in die vergelykende tydperk.
- Kontant by die kern het sedert 31 Maart 2007 met R417 miljoen tot R3 940 miljoen gedaal, hoofsaaklik vanweë dividende wat betaal en beleggings wat gemaak is. Op 30 September 2007 het Remgro kapitale verpligtinge ten bedrae van R2 262 miljoen gehad, waarvan R1 953 miljoen betrekking het op Medi-Clinic se regte-uitgif en R309 miljoen op die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF).
- 'n Tussendividend van 180 sent per aandeel is verklaar vir die ses maande geëindig 30 September 2007. Dit verteenwoordig 'n toename van 17.6% teenoor die vorige jaar se tussendividend.

Intrinsieke waarde

- Remgro se intrinsieke waarde per aandeel, nadat vir potensiële kapitaalwinsbelasting voorsiening gemaak is, het met 3.3% van R221.00 (31 Maart 2007) tot R228.33 (30 September 2007) toegeneem.
- Remgro se sluitingsaandeelprys het met 3.3% van R181.00 op 31 Maart 2007 tot R175.00 op 30 September 2007 gedaal. Die sluitingsprys op 23 November 2007 was R194.00 per aandeel, wat 'n styging van 7.2% verteenwoordig op 31 Maart 2007 se aandeelprys. Remgro het op 30 September 2007 en 23 November 2007 teen diskonto's van onderskeidelik 23.4% en 18.4% op intrinsieke waarde verhandel.

Aandeleterugkoopprogram

- Die maatskappy het geen aandele gedurende die tydperk teruggekoop nie.

Bydrae tot wesensverdienste per segment:

	Persentasie-bydrae	September 2007 (R' miljoen)	Persentasie-verandering	September 2006 (R' miljoen)
Tabakbelange	45.8%	1 839	24.0%	1 483
Finansiële dienste	26.5%	1 065	38.0%	772
Nywerheidsbelange	21.2%	850	16.6%	729
Mynbelange	4.4%	176	131.6%	76
Korporatiewe finansies en ander belange	2.1%	86	(50.0)%	172
		4 016	**24.3%**	**3 232**

Tabakbelange:

- Die bydrae van die tabakbelange tot wesensverdienste het in die ses maande geëindig 30 September 2007 met 24.0% tot R1 839 miljoen (2006: R1 483 miljoen) gestyg.
- Die gunstige wisselkoersuitwerking van R&R se bydrae tot wesensverdienste was R207 miljoen in die ses maande geëindig 30 September 2007.
- British American Tobacco Plc (BAT) se toeskryfbare wins het met 7.0% in sterling toegeneem vergeleke met die ses maande geëindig 30 September 2006.

Finansiële dienstebelange:

- Die bydrae deur die finansiële dienstebelange het met 38.0% toegeneem, hoofsaaklik vanweë die goeie resultate wat deur beide FirstRand en RMBH gerapporteer is danksy goeie vertonings in die kleinhandel-, korporatiewe en beleggingsbanksektor.

Nywerheidsbelange:

- Die nywerheidsbelange se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 16.6% toegeneem vanweë sterk vertonings deur Medi-Clinic, Nampak, Distell, Rainbow en UBR.
- UBR se groter bydrae is hoofsaaklik te danke aan omsetgroei en die gevolglike hoër bruto wins. Die toename in omset is gedeeltelik teengewerk deur investering in prys-, advertensie- en promosie-aktiwiteite, sowel as insetkoste-inflasie. Verkope in die SA kleinhandelsbedrywighede het met 10.9% gegroei danksy 'n kombinasie van volume- en prysgroei.

Mynbelange:

- Die bydrae van die mynbelange tot wesensverdienste het met 131.6% gestyg, veral danksy die dividende ten bedrae van R187 miljoen (2006: R73 miljoen) wat van Implats ontvang is.

Stellenbosch, 26 November 2007

-EINDE-

Vir meer inligting kontak asb:

Thys Visser (HUB), Remgro (021) 888-3330

Vrygestel deur:

Keyter Rech Investor Solutions

Marlize Keyter (011) 447-2993 of 083-701-2021

Vanessa Ingram (011) 447-8656 of 083-307-5600

Vrystellingsdatum: **26 November 2007**

Vir bykomende inligting: **www.remgro.com**